



VOEDING EN BESTUUR

VAN DIE OORGANGSKOEI

deur dr. Pieter Henning

In die bekende boek *The Seven Habits of Highly Effective People* beskryf Stephen R. Covey twee sirkels, *the circle of concern* (bekommernis) en *the circle of influence* (invloed). Daar is baie dinge wat die melkboer bekommer, byvoorbeeld die melkprys, maar dit is iets waaroor hy min of geen beheer het nie. Dan is daar dinge waaroor hy wel beheer het of wat hy kan beïnvloed, en volgens Covey is die geheim van sukses om op laasgenoemde te fokus.

Voeding en bestuur van die oorgangskoei is so iets vir die melkboer.

WAT IS DIE OORGANGSKOEI?

Die oorgangsfase verwys na die fase vanaf die laaste drie weke voor kalwing (die opstroomkoei) tot drie weke ná kalwing (die vars koei). Die oorgang van dragtigheid na laktasie is 'n geweldige metaboliese uitdaging, met feitlik onmiddellike, veelvoudige verhoging in die energie-, proteïen- en mineraalbehoefte van die koei. Hoe suksesvol die koei hierdie oorgang hanteer, het 'n groot impak op die res van haar lewe. Die fokus in hierdie artikel is op die gewilligheid van die melkboer om die geleentheid te skep om hierdie uitdaging die hoof te bied.

ONDER IDEALE OMSTANDIGHEDHE

In Suid-Afrika kry die oorgangskoei meermale nie spesiale behandeling nie. Sy is net deel van die droëkoeigroep en word kort voor kalwing ingebring om te kalf, waarna sy reguit na die laktasiegroep gaan. Dit is nie ideaal nie!

Oorgangskoeie behoort anders gehanteer te word – hulle behoort apart aangehou te word en ook 'n ander rantsoen gevoer te word. Baie boere gebruik dan woorde soos “kan nie”, “nie prakties nie”, “te veel moeite” en “kos te veel”. Die melkboer wat egter

“In Suid-Afrika kry die oorgangskoei meermale nie spesiale behandeling nie.”

DIE MOEITE WERD

Daar is koste en moeite daaraan verbonde om oorgangskoeie apart te hanteer, maar die volgende berekening kan dit in perspektief plaas.

Melkprys	R5,00/ℓ
Voerkoste (lugdroog)	R4 000/t (= R4,00/kg)
Voerdoeltreffendheid	1,3 ℓ/kg



Indien die boer 500 ℓ meer melk per koei per laktasie kry:

Addisionele inkomste	= 500 ℓ x R5,00/ℓ	= R2 500
Addisionele voer	= 500 ℓ / 1,3 ℓ kg	= 385 kg
Addisionele voerkoste	= 385 kg x R4,00/kg	= R1 540
Marge bo voerkoste	= R2 500 - R1 540	= R960 per koei per laktasie

Veronderstel 'n kudde van 500 koeie, met elke koei wat jaarliks kalf:

500 koeie x R960 per koei per laktasie = R480 000 per jaar meer marge bo voerkoste

Die vereistes om die oorgangskoei reg te voer en te bestuur sluit onder meer in:

- fasiliteite om teoreties 32 opstroomkoeie en 32 vars koeie afsonderlik te hanteer; en
- twee addisionele rantsoene.

Selfs indien die R480 000 alles hiervoor aangewend word, het die boer steeds die voordeel van beter kuddegesondheid, reproduksie en leeftydproduksie, en 'n boerdery wat reken-

skap kan gee van hoe daar na die belange van sy diere omgesien word. Die fasiliteite is ook 'n eenmalige koste wat oor 'n paar jaar afgeskryf kan word.

bereid is om op hierdie belangrike fase te fokus, kan die maksimum potensiaal van sy kudde ontsluit.

Omvangryke navorsing het getoon dat koeie wat tydens die oorgangsfase reg bestuur en gevoer word, 'n piekproduksie van ongeveer 2,5 ℓ hoër as gemiddeld bereik en ongeveer 500 ℓ meer melk per laktasie lewer. Verder is die voorkoms van oorgangskoeisiektes ongeveer 25% laer en dae oop per koei noemenswaardig minder. Die melkboer moet egter daartoe verbind wees om:

- oorgangskoeie apart te hou;
- addisionele opstoom- en varskoei-rantsoene te voorsien; en
- 'n persoon te taak om spesifieke aandag aan die oorgangsdiere te gee.

VOEDING VAN DIE OORGANGSKOEI

Die opstoomfase word gekenmerk deur 'n geleidelike afname in voerinnam, terwyl nutriëntbehoefes toeneem. Die varskoeifase word gekenmerk deur 'n dramatiese toename in nutriëntbehoefes (veral energie), die nodigheid dat voerinnam vinnig en drasties verhoog, en dat die rumen, in die geval van kuddes op 'n totaal gemengde rantsoen (TGR), skielik groter hoeveelhede stysel moet fermenteer. Tipiese oorgangskoeisiektes soos metritis, plasentas wat vassit, ketose, melkkoors, rumen-asidose en mastitis kom voor. Hierdie gesondheidsprobleme het gewoonlik 'n groot invloed op die koei se leeftydproduksie. Dié impak kan egter drasties beperk word deur die korrekte voeding en bestuur van die oorgangskoei. Sodanige bestuur verlaag ook stres en verminder die immuunuitdaging. Onlangse navorsing het getoon dat die immuunstelsel 'n ongelooflike hoeveelheid energie gebruik wanneer dit volstoom moet werk; verlaging van die immuunuitdaging beteken meer energie vir melkproduksie en herstel van liggaamskondisie,



“Voedingskundiges kan nommerpas-rantsoene vir beide die opstoom- en die vars koei formuleer, en sê hoe dit gevoer moet word.”

wat weer beteken dat ovulasie vroeër hervat en dus dat konsepsie vroeër plaasvind.

Die voedingswetenskap het ver gevorder wat betref voorskrifte vir die voeding van die oorgangskoei, en moderne formuleringsprogramme maak voorsiening vir hierdie fase. Voedingskundiges

kan nommerpas-rantsoene vir beide die opstoom- en die vars koei formuleer en sê hoe dit gevoer moet word. Die kritieke punt is steeds dat die boer bereid moet wees om sy oorgangskoeie apart te hanteer.

Die vernaamste punte van oorgangskoeivoeding sluit in:

- beperking van energie-inname deur die droë koei tot net voldoende vir onderhoud;
- die voer van anioniese soute aan die opstoomkoei;
- verhoogde nutriëntkonsentrasie wanneer inname verlaag voor kalwing;
- insluiting in die opstoomrantsoen van dieselfde voerbestanddele as wat in die laktasierantsoen gebruik gaan word; en
- die geleidelike verhoging in styselinhoud van die rantsoen vanaf droë koei tot lakterende koei.



'n Goed bestuurde vars koei behoort teen twee weke ná kalwing gereed te wees om na die lakterende groep of topgroep te skuif.



'N WOORD VAN WAARSKUWING

Alhoewel die varskoeirantsoen vir die eerste drie tot selfs vier weke gevoer kan word, moet die boer wakker wees om 'n koei na die lakterende groep of topgroep te skuif sodra sy op dreef is, anders kan sy effektief beperk word. 'n Goed bestuurde vars koei behoort teen twee weke ná kalwing reeds by 85% tot 90% van haar piek-inname te wees, en gereed te wees om die varskoeigroep te verlaat.

TEN SLOTTE

Om die oorgangskoei apart te hou en te voer is nie maklik nie, maar dit is iets waardeur die melkboer sy sukses noemenswaardig kan verhoog, en 'n positiewe bydrae tot verantwoordelike diereproduksie kan maak. Professionele rolspelers in die veebedryf staan gereed om die boer van tegniese detail te voorsien; die boer moet net besluit om die oorgangskoei haar regmatige plek op die plaas te gee. mpo